



J. WALTON. *Old Cape farmsteads*. Human & Rousseau: Kaapstad, 1989. 147 pp. Geïll. R60,00 (eksklusief).
ISBN 0 7981 2592 6.

Uit die pen van dr James Walton het reeds talle artikels en boeke oor die inheemse argitektuur — en veral die Suid-Afrikaanse en Kaapse volksboukuns — gevloei. Sy jongste werk oor die ou Kaapse plaasopstalle is 'n baie nuttige naslaanbron vir diegene wat die sosiale en ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika navors. Dit bevat hoofstukke oor die historiese agtergrond van die Kaapse argitektuur, Kaapse plaasopstalle van die 17de en 18de eeu, die lineêre huisplan (longhouse) en opstalle op wingerd- en veeplase. Dit alles word afgerond en deeglik toegelig met nie minder nie as 280 illustrasies.

Die historiese belang van 'n boek soos hierdie waarin die volksboukuns geboekstaaf en visueel vasgelê word, spreek uit Walton se opmerking (tydens 'n onlangse bekendstelling van sy werk) dat ongeveer die helfte van al die geboue wat hy bespreek, nie meer bestaan nie. Dit herinner die historikus daaraan dat die volksboukuns as belangrike bron van historiese inligting vinnig besig is om te verdwyn.

Vir die naspeuring van die heel vroegste Kaapse plaasopstalle en hoe hulle daar uitgesien het, het Walton hoofsaaklik 'n bron gebruik wat die eerste keer in F. Smuts (red.) se *Stellenbosch drie eeue* aangewend is. Dit is natuurlik lankal bekend aan navorsers wat die vroeë Kaapse aktes geraadpleeg het. Op hierdie ou 'geïllustreerde' grondbriewe — veral dié van landmeter Johannes Mulder — verskyn die grondplanne van die ou Kaapse opstalle, dikwels aangevul met 'n tekening van hoe die huise gelyk het. Hiervan kon Walton sekere basiese kenmerke aflei: almal was reghoekige rietdakstrukture met die ingang aan die een sykant, terwyl die ander sykant met 'n groterige skoorsteenskag gepronk het. Getrou aan die tradisie van al die vroee landmeters is Mulder se gronddiagramme opgeluister met 'n lustige rokie wat by elke huisie se skoorsteen uitborrel!

Ons het al daaraan gewoond geword dat boeke oor die Suid-Afrikaanse argitektuur eintlik te veel aandag aan die elegansie van die Kaaps-Hollandse gewelhuise gee en sodoende die minder opvallende opstalle van die wyn- en veeboere verwaarloos. Walton se werk stel hierdie tekortkoming reg en dit word waarskynlik die grootste bydrae van die publikasie dat veral die veeboer se opstal en geboue-tipes soos die korbeelhuise 'n regmatige plek kry. Daarby word trapvloere, kookskerms, wolwehokke, stalle, brakdakke, veekrale en vark-, hoender- en duiwehokke nie verwaarloos nie. Walton wys deurgaans daarop hoe wisselende Kaapse ekonomiese toestande die boukuns beïnvloed het.

Enkele van *Old Cape farmsteads* se kaarte is nie baie professioneel afgewerk nie. Hoewel die register van plase handig is, sou dit baie bruikbaarder wees as dit ook persone en ander onderwerpe ingesluit het. Die verwysingstegniek en erkenning van geraadpleegde bronne laat ook ietwat te wense oor.

*J.C. VISAGIE*
*Universiteit van Stellenbosch*